

7 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:13; Deuteronomium 5:17; Matteus 5:21-26; Heidelbergse Kategismus Sondag 40**  
**Fokusgedeelte: Matteus 5:21-26**

### **Sesde gebod – die gebod van die liefde**

Op die oog af is die sesde gebod vir baie mense nie moeilik om te onderhou nie. Die probleem kom egter as Christus hierdie gebod verklaar en duidelik stel dat God se bedoeling met die sesde gebod nie slegs fisiese doodmaak verbied nie, maar veel meer eis. In 'n wêreld van soveel moord, doodslag, haat, nyd, naywer, woede, wraak en afguns word die sesde gebod elke dag miljoene keer oortree. In die bergrede of grondwet van die Koninkryk stel Christus dat ons as burgers van sy Koninkryk anders moet wees. Ons moet die draers wees van liefde deur in liefde en vrede te leef.

*Hoe moet ons vrede maak?* Ons eis so dikwels dat die persoon wat teen ons oortree, vir ons om verskoning moet vra. Matteus 5:23, 24 stel dit anders: As dit jou byval dat jou broer iets teen jou het, gaan maak eers vrede voor jy jou gawe na die altaar bring. Prakties gestel: gebed is offerwerk. Voordat jy bid of na die bedehuis (kerk) toe gaan, maak eers vrede! Ons moet dus gaan vrede maak, ons moet nie wag dat ander kom en vrede maak nie.

*Hoekom moet ons vrede maak?* Dit raak direk jou verhouding met God. 1 Johannes 4:20 leer: "As iemand sê: Ek het God lief, en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar." So bring die sesde gebod ons by liefde. Ons moet liefhê, dit is 'n Goddelike opdrag. God beveel dat sy kinders in ware liefde sal leef, bo alles God sal liefhê, maar ook sal leef in broederliefde, naasteliefde, vyandsliefde (Matt. 5:44) en liefde vir die arme (Luk. 6:20).

In die kind van die Here se lewe is daar dus voortdurende stryd. As gevolg van die sonde is ons van nature geneig om God en ons naaste te haat. Ons moet gedurig stry teen ons eie, sondige natuur wat mense eerder wil haat as liefde bewys. Christus toon die ander weg: Hy het ons só liefgehad dat Hy sy lewe vir ons gegee het. Hy het gewys wat liefde werklik is toe Hy vir sy vyande gebid en sy lewe gegee het vir mense wat Hom verwerp het.

Wat kom hiervan tereg van God se eis om liefde in u lewe? Het u God bo alles lief? Getuig u omgee vir ander dat u u naaste liefhet?

Sing: Skrifberyming 21:1-6 (Tema 9-4)

Ds. PA Coetzee (Potchefstroom)